

PULA IMVULA

Herkapitaliserings-program 'n redningsboei vir boere

Voor

Na

"AS JY NIE DIE EERSTE KEER SLAAG NIE, PROBEER WEER EN WEER." DIT IS DIE LEUSE VAN DIE ONTWIKELINGS PROGRAM VIR BOERE VAN GRAAN SA. DIE DOEL VAN DIE PROGRAM IS "OM BEVOEGDE, SWART KOMMERSIELIKE BOERE TE ONTWIKKEL EN OM BY TE DRA TOT HUISHOUDELIKE EN NASIONALE VOEDSELSEKURITEIT DEUR DIE OPTIMALE GEBRUIK VAN DIE NATUURLIKE HULPBRONNE WAT BESKIKBAAR IS AAN ELKE BOER". DIT IS NOGAL 'N MONDVOL EN DIT IS OOK NOGAL 'N MOEILIKE TAAK!

Ons het oor baie jare in "menslike kapitaal" belê – ons is betrokke by die ontwikkeling van boere. Ons het studiegroepe, demonstrasieproewe, boerdedae, 'n Boer van die Jaar kompetisie, ondersteuning op die plaas aan individuele boere, 'n menigte opleidingskursusse, radio-uitsendings en die maandelikse Pula Imvula. Hierdie is alles gemik om bevoegdheid te bevorder. Ons het sewe provinsiale koördineerders wat onvermoeid werk om te belê in die lewens van ons boere.

Maar wanneer jy 'n boer is, moet jy op 'n stadium

toegang kry tot die besigheid van boerdery, wat beteken dat jy toegang moet hê tot bewerkbare grond, trekkers, implemente en produksie-insette. Dit is hier waar die ware uitdaging begin. Gewasproduksie was die afgelope aantal jare nie baie winsgewend nie en was dit vir boere moeilik om produksielenings te bekomen en was daar ook nie surplus wins om te belê in die plaas of meganisasie nie.

Nadat boere deur een van die groter kommersiële banke in die steek gelaat is deurdat hulle leningsfinansiering belowe het, maar dit nie nagekom het nie, was ons in 'n desperate situasie, omdat ons boere financiering nodig gehad het. Volgehoue pogings om toegang tot produksiefinansiering van die Departement Landbou te verkry, het oor die jare min vrugte gedra. Net toe ons hoop verloor het, het amptenare van die Departement Landelike Ontwikkeling en Grondhervervorming Bothaville toe gekom om ons te vertel van hul herkapitaliseringsprogram.

Na baie onderhandeling en bespreking, is 'n ooreenkoms tussen die Departement en Graan SA


Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende produsente

LEES BINNE:

- 4 > Een jaar se saad = sewe jaar van onkruid!
- 7 > Oes – die finale hoofstuk in die produksieboek
- 8 > Hoeveel ondernemings kan jy bestuur?



5



6



Mme Jane sê...

Teen die tyd dat jy hierdie uitgawe van die Pula ontvang, sal dit amper tyd wees om Graan SA se NAMPO Oesdag by te woon. Onthou dat NAMPO 'n massiewe landbouskou is wat buite Bothaville plaasvind elke jaar gedurende Mei. Hierdie jaar sal dit 15 - 18 Mei 2012 wees.

NAMPO het iets vir almal wat belangstel in boerdery – van vleisbeeste, bokke, skape, trekkers, implemente, masjinerie en nog baie meer. Jy kan 'n dag of meer spandeer net om rond te loop en al die wonderlike dinge te sien wat verwant is aan die landbousektor (met 'n paar stalletjies vir die dames).

Die Ontwikkelingsprogram van Graan SA sal ook 'n uitstalling gedurende NAMPO hê – doen asseblief moeite om ons te kom besoek daar – ons sien uit na jou besoek.



Die Ontwikkelingsprogram uitstalling by NAMPO 2011.

Herkapitaliseringsprogram 'n reddingsboei vir boere



geteken en die volgende punte is in die ooreenkoms opgeneem:

"Die Departement aanvaar 'n omvattende landelike ontwikkelingstrategie ("CRDP") gekoppel aan grond-en landbouhervorming en voedselsekuriteit wat gebaseer is op landboutransformasie met twee pilare, naamlik landelike ontwikkeling en grondhervorming.

Die strategie wat in die implementering van die CRDP opgeneem is, sluit in maatskaplike mobilisering van landelike gemeenskappe om inisiatiewe te neem, strategiese beleggings in ekonomiese en maatskaplike infrastruktuur, verhoogde ekonomiese aktiwiteit en landelike ontwikkeling en volhoubare grond-en landbouhervorming.

Die CRDP benadering tot ontwikkeling (wat aandui gemeenskaplike groei en welvaart, volle indiensneming, relatiewe inkomstegelykheid en kulturele vooruitgang) sluit in weg beweeg van rasverdeling vir gemeenskaplike en volgehoue groei van die landelike ekonomie, demokratiese en regverdigde toekenning en gebruik van grond oor grense van geslag, ras en klas en 'n streng produksie dissipline vir gewaarborgde nasionale voedselsekuriteit.

'n Loodsprojek is ingestel (deur die Herkapitalisering en Ontwikkelingsprogram, wie se doelwit dit is om produksie te verhoog, voedselsekuriteit te verseker, om klein boere te ontwikkel in kommersiële boere en werksgeleenthede te skep in die landbou-sektor) om begunstigdes te help om deel te neem aan die Graan SA/Boere Ontwikkelingsinisiatief.

Die Departement het na samesprekings met Graan SA hulle betrokkenheid versoek in die voorsiening van tegniese kundigheid op die plaas, toegang tot markte en op die langtermyn, toegang tot finansiële steun aan die begunstigdes. Graan SA sal 'n sakeplan vir elke boer/begunstigde indien wat deur die Departement aanvaar word. Daar is ook ooreengekom, omdat graanproduksie seisoenaal is en baie afhanklik is van die weer, hierdie sakeplanne van tyd tot tyd gewysig kan word om te verseker dat alle toelaes optimaal en tot voordeel van die boer gebruik word.

Graan SA sal 'n aparte bankrekening open waarin al die herkapitaliseringsfondse betaal sal word.

Graan SA sal die boere help om die herkapitaliseringsfondse te gebruik om sodoende die benutting van die natuurlike hulpbronne te optimaliseer en by te dra tot die ontwikkeling van die boer. Die toelaag sal gebruik word vir herstelwerk aan bestaande trekkers en toerusting, aankoop van nuwe of tweedehandse toerusting, produksie-insette vir verskeie gewasse, aankoop van vee en voer, infrastrukturele be-steding (omheining, kontore, windpompe, ensovoorts), herstelwerk aan skure – soos met die sakeplan uiteengesit.

Hierdie ooreenkoms sal nasionaal uitgevoer word en Graan SA toelaat om hul rol te vervul met hulpverlening aan boere in al nege provinsies. "

In ooreenstemming met die ooreenkoms, het ons besigheidsplanne voorberei vir die 16



boere wat die begunstigdes van die grondhervormingsprogram is en wat deel was van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir boere. Die totale bedrag van R36 miljoen is in die nuwe bankrekening inbetaal en kon ons begin met die implementering. Dit was baie opwindend, maar ook baie uitdagend, omdat alle oë op die span was!

Ons het nog altyd geglo dat ons nie besluite vir boere sal neem of vir hulle sal boer nie – al ons programme is ontwerp om boere te bemagtig en te ontwikkel en dit is ons doel met die herkapitaliseringaprogram ook.

Ten einde voldoende ondersteuning op grondvlak te hê, het ons vyf afgetrede boere geïdentifiseer wat aangedui het dat hulle bereid sal wees om op te tree as mentors vir hierdie boere (vier van hulle is opleiers in ons program). Flip du Preez van Senekal mentor vyf boere, Attie Louw een boer naby Bloemfontein, Eduard Foord drie boere (Bothaville, Wesselsbron en Hennenman), Bertie Human mentor drie boere naby Welkom en Johan van der Merwe help vier boere in Theunissen.

Ons moes bykomende finansiële bystand in die Bothaville kantoor kry en ons was bevoorreg om Marina Kleynhans by ons span by te voeg. Marina het vir baie jare gewerk in die finansiële afdeling van Graan SA en is uitstekend met die bestuur van finansiële administrasie en betalings. Ons moes 'n hele nuwe stel boeke op Pastel skep en met die hulp van Philip Smith kon dit gebeur. Elke boer het sy/haar eie kodes, wat dit moontlik maak om volledig rekord te hou van elke transaksie en die besteding teen die begroting te monitor.

Alhoewel die besigheidsplanne ontwikkel is en afgeteken is deur elke boer, het ons gevoel dat dit baie belangrik is om die boere betrokke te hê by elke stap van die proses. Ons het 'n stelsel in plek waar die boer en die mentor 'n bestelling uitmaak vir elke aankoop – kwotasies vir uitgawes moet die bestelling vergesel. Die rede vir die kwotasies is sodat ons seker maak dat die geld baie oordeelkundig gebruik word en terselfdertyd ons boere die waarde leer om pryse te vergelyk. Die fisiese betalings word elektronies gedoen vanaf Bothaville, in ooreenstemming met die Graan SA prosesse en procedures. Na 'n betaling gemaak is, ontvang die boer, die mentor en die verskaffer 'n sms wat die betaling bevestig. Die verskaffer ontvang ook 'n betalingsadvies, sodat die items afgeliever kan word.

Omdat ons slegs in Oktober met die implementering van die program begin het, moes ons die uitgawes prioritiseer – eers die nodige trekkers en toerusting (beide nuwe en gebruikte), dan produksie-insette. Nadat die gevawasse gevestig is, kon ons fokus op ander areas – diere en infrastruktuur. Tot op datum het die boere R27 miljoen van die R36 miljoen wat oorspronklik goedgekeur is, gebruik en beheerde besteding sal voortgaan totdat die hele begroting gebruik is.

Die meegaande foto's wys 'n paar voor en na tonele. Hierdie program het 'n groot verskil in die lewens van hierdie boere gemaak en behoort hulle op 'n volhoubare pad te plaas.



JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER
VIR DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE



Die herkapitaliseringaprogram het 'n groot verskil gemaak aan die lewens van die boere wat voordele ontvang vanaf die Departement Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming.

Een jaar se saad

= sewe jaar van onkruid!

In die 1940's het Georges de Mestral, 'n Switserse ingenieur en uitvinder, vir 'n uitstappie met sy hond gegaan. Hulle het albei teruggegaan huis toe met stekelrige sade (dié plante wat vasklou aan iets om natuurlik versprei te word) aan hulle. Terwyl hy die sade van beide sy hond en sy wolsokkies afgeruk het, het sy ondersoekende brein 'n nuwe gedagte ontwikkel en het hy een van die stekelrige sade onder 'n mikroskoop geplaas vir nadere ondersoek. Daar het hy honderde ongewone hoeke ontdek wat so maklik aan vesel vashaak. Deur 'n proses van probeer en misluk, het De Mestral uiteindelik die haak en lus formasie geduplikeer wat hy in die natuur aangetref het en dit Velcro genoem. Hierdie produk het in baie gevalle meer gewild geword as die ou rits en word vandag in die alledaagse lewe op baie verskillende maniere gebruik.

'N JONG BOER WAT LANDBOUGROND IN DIE NOORDWES HUUR, HET SY UITERSTE FRUSTRASIE UITGESPREEK TOE HY SÊ DAT HY WEER EENS SY MIELIE- EN SONNEBLOM LANDE MOET GAAN SPUT IN SY OORLOG TEEN ONKRUID. EN DIÉ LAAT BESPUITING WAS TEN SPYTE VAN DIE FEIT DAT SY VROEË SPUTPROGRAM GEDOEN IS NA AANLEIDING VAN DIE DESKUNDIGE ADVIES VAN CHEMIESE VERTEENWOORDIGERS EN NADAT HY ALLES PRESIES GEDOEN HET SOOS WAT HY VERONDERSTEL WAS OM TE DOEN!

Hy begin nou eers die volle impak besef van al die jare wat daardie huurgrond verwaarloos en ongebruik gelê het en waar onkruidbestuur onvoldoende was. Die saadbanks is nog steeds vol en lê diep onder daardie grond en wag. Die oorlog woed en die boer mag nie moeg word nie...

Die vasberadenheid en deursettingsvermoë van 'n onkruid moet nie onderskat word nie en net omdat 'n boer se aanval met onkruiddoders volgens die perfekte program is, beteken dit nie dat die stryd verby is nie. Onthou dat net een perdeblom plant tot 15 000 sade produseer, wat elk sowat ses jaar in die grond kan oorleef en elkeen 15 000 meer sade produseer wanneer dit uitloop en volwasse groei. 'n Mens moet onthou dat onkruid in verskillende kategorieë val: ongewenste grasse, grasagtige plante wat uintjies genoem word en breëblaar plante. Die meeste is een-

jariges of meerjariges. Eenjariges voltooi hul lewensiklus in een seisoen en plant voort van saad. Meerjariges leef 'n paar jaar en versprei ondergronds en ook deur saad en maak dit moeiliker om te beheer.

Kankerroos

Een probleem onkruid waarop silobestuurders in Suid-Afrika op die uitkyk is wanneer hulle 'n aflewering graan gradeer, is Kankerroos, soos dit algemeen bekend staan in Suid-Afrika. Kankerroos is 'n aggressiewe, skadelike onkruid wat wêreldwyd 'n indringerspesie is en het die potensiaal om baie suksesvol te kompeteer met die meeste akkerbougewasse. Dit is 'n baie aanpasbare plant en terwyl dit hoog sal groei in diep, ryk, vrugbare grond, kan dit ook floreer en vrugte dra wat sal saad skiet in 'n paar sentimeter swak, droë grond. Kankerroos is 'n groot, growwe, eenjarige plant wat tot drie meter hoog kan groei. Dit het baie sterk stamme wat met growwe hare bedek is. Die blomme is nie baie opvallend nie en die manlike blomme vorm klein, geel groepies wat van die plant afval, terwyl die vroulike blomme klein, groen, stekelrige kapsules is wat ontwikkel in een duim lang, bruin "vrugte" wat stekelrige sade genoem word. Hierdie stekels word bedek met harde, krom dorings wat vasklou aan die dierse vel, pels, wol en selfs klere en dit word gebruik as "voertuie" vir die



verspreiding van saad. Dit is 'n maklike manier vir die saad om deur diere versprei te word na ander areas weg van die moederonkruid. Hierdie plant reproduseer slegs deur middel van sy nageslag. Kankerroos sade het 'n lang leeftyd. Daar is in wetenskaplike studies gedokumenteer van saad wat agt duim diep in die grond begrawe is vir 16 jaar en nog 'n 15% ontkiemingspotensiaal het, wat die rede is waarom kankerroos plante weer opkom in gebiede waar hulle vir baie jare uitgewis is.

Kankerroos val landerye binne en is giftig vir vee. Hoewel die meeste diere dit sal vermy ten gunste van ander plante in die veld, sal minder

puntenerige diere soos varke dit eet en dan skielik siek word en binne 'n paar uur vrek. Die saailinge en die saad is die mees giftige dele van die plant en as dit ingeneem word, sal dit lei tot naarheid, braking, moeilike asemhaling en selfs die dood. Dit is duidelik dat graansilo bestuurders baie presies moet wees wanneer hulle gradering van graan doen en sal die graan laat sif en weer sif totdat dit vry is van onkruid. Dit alles dra by tot die oeskoste van die boer.

JENNY MATHEWS, VOORSITTER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGS PROGRAM VIR BOERE



Moet nie met oortollige vee sit hierdie winter nie

GEDURENDE DIE SOMERMAANDE WANNEER DAAR GENOEG WEIDING IS VIR ONS VEE, IS ONS DIKWELS IN DIE VERSOEKING OM MEER TE HOU AS WAT ONS BEHOORT TE HOU. DIT IS NIE MAKLIK OM TE BESEF DAT JOU WEIDING MOET HOU TOT OKTOBER OF NOVEMBER VOORDAT DAAR NUWE GROEI IS NIE.

As 'n boer sal jy nooit 'n goeie prys vir 'n maer dier kry nie – die mark vereis 'n dier wat in 'n goeie kondisie is. Aan die einde van die somer is jou diere gewoonlik in 'n goeie kondisie – dit is die tyd om al die onnodige diere te verkoop en die geld te bank. Die onnodige diere sluit in al die ou koeie, onvrugbare diere, speenkalwers, ou bulle en ander osse. Onthou dat jou beeste 'n fabriek is – elke koei moet elke jaar 'n kalf produseer sodat jy iets het om te verkoop. As jy koeie het wat nie elke jaar kalf nie, verkoop hulle en belê eerder in vrugbare, produktiewe diere.

Die gras in die winter is nie so voedsaam as gedurende die somer nie en dit is baie belangrik dat jy die vee voorsien van 'n goeie lek wat voldoende proteïen bevat. Mieliemeel is nie 'n voldoende dieet vir vee nie, omdat die proteïenvlekke te laag is – jy moet proteïen byvoeg by die meel. Voermengsels is 'n spesialiteitsveld en dit is die beste om raad vanaf die kenners te kry. Die geld wat jy spandeer op advies sal jou 'n klomp geld aan die einde van die dag spaar.

JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGS PROGRAM VIR BOERE



Verstaan wat om te doen en waarom jy dit doen

IN ONS PROGRAM GAAN ONS VOORT OM TE BELË IN MENSE DEUR MIDDEL VAN STUDIEGROEPE, BOEREDAE, ONDERSTEUNING OP DIE PLAAS, PULA IMVULA EN VERSKEIE KURSUSSE. VAN TYD TOT TYD IS DIT NODIG OM DIE SITUASIE TE HEREVALUEER – HET ONS DIE GEWENSTE UITWERKING OP DIE PRODUKSIEPRAKTYKE VAN DIE BOERE?

Ons doen ons bes om al die boere se grond so dikwels as wat ons kan te besoek, maar ons kan nie sien wat elke boer op sy/haar grond doen nie.

Ons moet staatmaak op jou om jouself 'n paar van die vroeë hieronder te vra.

- Op watter tipe grond produseer ek my gewasse?
- Hoeveel hektaar het ek geplant?
- Wat is die effektiewe diepte van my grond?
- Wat is die pH-status van my grond?
- Wat is die voedingstatus van my grond (P en K)?
- Wat is die verwagte jaarlikse reënval in my omgewing?
- In 'n normale jaar, watter opbrengs kan ek verwag om in my area te oes?
- Het ek 'n ploeglaag in my lande?
- Watter gewasse het ek aangeplant en was dit die mees gesikte keuse?
- Wanneer is die beste tyd om my gewasse te plant en waarom is dit die beste tyd?
- Hoe het ek besluit watter kunsmis om te gebruik en hoeveel om toe te dien?
- Watter kultivar het ek geplant en wat het my daarop laat besluit?
- Wat was my teiken plantetestand?
- Wat was die finale plantetestand wat ek bereik het?
- Hoeveel kunsmis het ek beplan om toe te dien en hoeveel het ek werlik toegedien?
- Watter maatreëls het ek geneem om peste en siektes in my gewasse te beheer?
- Hoe was my onkruidbeheer?
- Watter onkruid is 'n probleem op my lande?
- Hoeveel geld het ek spandeer om die gewas te produseer?
- Wat is die prys per ton wat ek behaal het en hoe vergelyk dit met ander?
- Wat het die gewas my per hektaar gekos?
- Wat het die gewas my per ton gekos?
- Na die oes van die gewas, wat beplan ek om volgende jaar op daardie grond te plant?
- Hoe gaan ek die volgende oes finansier?
- Is my trekkers voldoende om die area wat ek bewerk te hanteer?
- Sal ek in staat wees om al die werk te doen op die regte/optimale tyd?
- Het ek al die gereedskap wat ek nodig het om die gewas te produseer?

As jy nie in staat is om hierdie vroeë te beantwoord nie, moet jy missien verwys na jou verskillende opleidingshandleidings, of nog ander kursusse bywoon. Dit is die basiese beginsels en as jy 'n kommersiële boer wil wees, moet jy in staat wees om hierdie vroeë te beantwoord.

As personeel van die Ontwikkelingsprogram vir Boere, maak ons jou bewus van die vroeë wat jy jouself moet vra. Jy moet verstaan wat om te doen en hoekom jy dit doen. Nadat jy die hoekom's en waarom's verstaan, moet jy aksie neem – jy moet implementeer wat jy geleer het, sodat jou boerderypraktek kan verbeter.

JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN
DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE



Oes – die finale hoofstuk in die produksieboek



JY HET DIE HELE SEISOEN HARD GEWERK – DIE VOORBEREIDING VAN DIE GROND, DIE PLANT VAN DIE GEWAS, ONKRUID EN PLAË ONDER BEHEER TE HOU EN NOU IS DIT TYD OM TE OES – OM DIE VRUG VAN JOU ARBEID TE OES. HIERDIE LAASTE STAP IN DIE PROSES VEREIS JOU AANDAG NET SOOS AL DIE ANDER STAPPE DIT VEREIS HET.

Voginhoud van die graan

As gevolg van die feit dat 'n hoë voginhoud by mielies dit kan laat vrot of muf, moet die graan droog tot 'n aanvaarbarevlak voordat dit geoes word. Oes moet egter nie onnodig uitgestel word nie, omdat die gewas op die land benadeel kan word as dit blootgestel word aan die weer en al die ander plee. Voor die oesproses begin, is dit raadsaam om 'n monster van die graan te laat toets vir die voginhoud. Graan kan verkoop en gestoor word met 'n voginhoud van nie meer nie as 14%. Graan kan geoes word teen 'n hoë voginhoud, maar dan sal dit kunsmatig gedroog moet word.

Bering van graan

Knaagdiere en kalanders hou 'n ernstige bedreiging in vir graan voor en na die oes. Stoofasfalteite moet gereeld behandel word om al die peste te beheer.

Graderingsregulasies

Graderingsregulasies is gemik op die veiligheid van beide dierlike en menslike gesondheid. Dit is ingestel vir die bemarking van aanvaarbare gehalte en ook om standaard en gehalte te verseker. Aangesien bemarking vanaf graandepots regoor die land plaasvind, is dit noodsaaklik dat die standaard

deurgaans gehandhaaf word. Gradering stel ook verwerkingsnywerhede in staat om volgens graad te koop en verseker te wees van die kwaliteit van die graan. Mielies word óf verkoop in grootmaat, of in ongeskonde, skoon sakke wat 70 kg graan bevat.

Beginsels van gradering

Die gradering van mielies diskrimineer teen die teenwoordigheid van:

- **"Vreemde stowwe"** – dit is iets wat nie 'n mieliepit is nie, byvoorbeeld stukkies plantmateriaal, sade van onkruid of ander gewasse, klippe, grond, ensvoorts.
- **"Gebrekke mieliepitte"** – hierdie kan verskrompel wees, uitgeloop, gemuf, gebreek, beskadig deur insekte of besmet en dié van minderwaardige gehalte.
- **"Mieliepitte met 'n ander kleur"** – dit sal wees geel mieliepitte in 'n vrag witmielies, of andersom.
- **"Rooi mieliepitte"** – dit is pitte wat pienk is.
- **"Mieliepitte wat met lewendige insekte besmet is"** – dit is selfverduidelikend.

Daar sal altyd 'n mark vir skoon, droë graan van 'n goeie gehalte wees – te dikwels hoor ons dat daar nie 'n mark vir die produk is nie. As jou produk voldoen aan die vereiste standaarde wat vereis word deur die mark, sal jy in staat wees om dit te verkoop. Maak seker dat jy alles gedoen het wat nodig is om graan van goeie gehalte te produseer.



**JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN
DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE**



Die publikasie word moontlik gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.

GRAAN SA

PO Box 88, Bothaville, 9660
► (056) 515-2145 ▲
www.grainsa.co.za

PROGRAMBESTUURDER

Jane McPherson
► 082 854 7171 ▲

BESTUURDER: OPLEIDING & ONTWIKKELING

Willie Kotzé
► 082 535 5250 ▲

SPESIALIS: VELDDIENSTE

Danie van den Berg
► 071 675 5497 ▲

VERSPREIDING: PULA-IMVULA

Debbie Boshoff
► (056) 515-0947 ▲

PROVINSIALE KOÖRDINEERDERS

Daan Bosman

Mpumalanga (Bronkhorstspruit)
► 082 579 1124 ▲

Johan Kriel

Free State (Ladybrand)
► 079 497 4294 ▲

Jerry Mithombothi

Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ▲

Lawrence Luthango

Eastern Cape (Mthatha)
► 083 389 7308 ▲

Jurie Mentz

KwaZulu-Natal and Mpumalanga
► 082 354 5749 ▲

Ian Househam

Eastern Cape (Kokstad)
► 078 791 1004 ▲

Naas Gouws

Mpumalanga (Belfast)
► 072 726 7219 ▲

Toit Wessels

Western Cape (Paarl)
► 082 658 6552 ▲

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks

► (018) 468-2716 ▲
www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESIKBAAR IN DIE VOLGENTE TALE:

Afrikaans,

Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA maak 'n kantoor in die Weskaap oop

GRAAN SA HET 'N KANTOOR IN DIE WESKAAP OOP GEMAAK EN DIE ADRES IS HOOFSTRAAT 262, PAARL. ONS HET TOIT WESSELS AS PROVINSIALE KOÖRDINEERDER AANGESTEL. TOIT HET DIE AFGELOPE NEGE JAAR BEMARKING IN DIE GRAANBEDRYF GEDOEN — HOOFSAAKLIK KORING EN KANOLA.


Hy is wel bekend met die saai boere en al die gebiede waar opkomende boere hulself bevind. Die visie van die pos is om al die geleenthede wat daar mag bestaan vir opkomende boere te ontdek, dit te ontgin en dan dit volhoubaar te help bestuur deur middel van bystand, kursusse, studiegroepe en waarde toe te voeg tot hul huishoudings en

voedselsekuriteit daar te help stel.

Graan SA wil graag in die opkomende boer as mens waarde toevoeg. Ons sal graag in die Kaap hierdie leemte wat al lankal daar was, probeer aanvul en dit regstel binne ons vermoë.

Toit se kontaknommer is 082 6586 552 en jy kan hom e-pos by toit@grainsa.co.za. Kontak asseblief vir Toit indien u enige waarde kan toevoeg tot hierdie projek in die Kaap.

Toit Wessels, Provinciale Koördineerder van die Weskaap.



Wat ek hoor vergeet ek, wat ek sien onthou ek, wat ek doen, verstaan ek.

Hoeveel ondernemings kan jy bestuur?

DAAR IS 'N MAGDOM VERSKILLEND MOONLTIKE ONDERNEMINGS VIR BAAIE PLASE — BEESVLEIS, SUIWEL, VARKE, BRAAIKUIKENS, LÊHENNE, GE-WASVERBOUING, SKAPE, VOERKRAL, GRAAN-PRODUKSIE, GROENTE, VRUGTE, BOKKE, NEUTE, VOERGEWASSE, ENSOVOORTS. TEORETIES KAN JY WAARSKYNLIK 'N HELE AANTAL UIT HIERDIE LYS KIES WAT JY OP JOU PLAAS KAN HÊ. DIE VRAAG IS — **HOEVEEL ONDERNEMINGS KAN JY BESTUUR?**

In die lewe lyk alles eenvoudig van ver af, maar die meeste dinge is ver van eenvoudig! Kom ons neem byvoorbeeld suiwelboerdery — jy moet die infrastruktuur hê vir die melk van die koeie, droë koeie, bulle en kalwers; jy moet voervloei hê vir die hele jaar, jy moet die voe-dingsvereistes van al die diere verstaan in hulle verskillende stadiums van groei en laktasie, jy moet dierge-sonheid ken — die voorkomende kant sowel as die genesende kant, suiwelhygiëne, die bemarKing van varsprodukte, arbeids- en finansiële bestuur. En dit is net vir melkboerdery...

Al hierdie verskillende ondernemings het hul eie komplikasies en as jy wil slaag, moet jy almal bemeester.

Heel dikwels is daar konsultante wat 'n baie akademiese benadering tot boerdery het en besigheidsplanne saamstel wat vier of meer ondernemings insluit. Dit is baie gevaelik vir 'n ontwikkelende boer. Ek stel voor dat jy 'n deeglike evaluering van jou plaas doen, gekoppel aan 'n evaluering van jou spesifieke belangstellings en sterk punte. As jy hou van vee, moet jy boer met vee — jy moet hou van wat jy doen, anders sal jy nie daarin slaag nie. Boerdery word jou lewe en jy kan nie jou lewe spandeer om iets te doen wat jy nie geniet nie! Sodra jy 'n onderneming bemeester het, is dit tyd om 'n ander te begin — te veel verskillende dinge op een slag is baie moeilik om te bestuur.



JANE MCPHERSON, PROGRAM-BESTUURDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGS PROGRAM VIR BOERE

Ons poog om die beste moontlike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.